

22 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 24:22-25:12

Tevergeefs geluister

God regeer in Jerusalem en ook in Sesarea oor die regeerders. Feliks, die Romeinse goewerneur, staan voor 'n dilemma. Blykbaar wou hy Paulus, wat 'n Romeinse burger was en wie se onskuld hy ingesien het, nie veroordeel nie. Aan die ander kant het hy hom uit vrees vir die Jode nie vrygelaat nie. Intussen word Paulus nog aangehou – twee jaar lank (vers 27). Die Gees van God stuit nie vir toe tronkdeure nie. Paulus kry nog geleenthede om die evangelie te verkondig, selfs voor hooggeplaaste mense wat hy anders nooit sou ontmoet het nie.

Soos later in Agrippa se geval, maak die evangelie amper 'n deurbraak in die Romeinse goewerneur se lewe. Paulus preek die volle raad van God aan Feliks en Drusilla, ook God se oordeel oor 'n losbandige lewe (vers 25). Feliks kom so onder die indruk daarvan dat hy heeltemal benoud raak en Paulus wegstuur. As hy maar net met sy sonde wil breek, sal hy agterkom dat die evangelie eintlik genade is. Hierdie gebeure herinner aan Johannes die Doper se ontmoeting met Herodus Antipas en sy vrou Herodias (vgl Mark 6:17-20). Hulle wou egter ook nie breek met die kwaad nie. Die genade van God in Christus is vir almal bedoel. Dit is egter slegs effektief vir hulle wat bereid is om hulle sonde te bely en te laat staan en hulle lewe met God se vergiffenis en liefde te vul. Later is Paulus weer deur Festus, die opvolger van Feliks, verhoor. Weereens vind 'n Romein geen skuld in Paulus nie. Ook Festus kan nie kies tussen geregtigheid en gediensdigheid aan die Jode nie. As Paulus hom dan op die keiser beroep, kies die goewerneur die eerbare weg om hom na Rome te stuur. In en bo dit alles is die Here van die sending aan die werk. Die evangelie moet ook in Rome, die middelpunt van die destydse wêreld, verkondig word. Paulus se tyd het nog nie gekom nie. Die evangelie moet in alle kringe van die menslike samelewing weerklink. Dit moet gebring word aan die armes, maar ook aan die rykes en magtiges. Oral moet die Naam van Jesus, die Verlosser verkondig word. Verstaan ons dit altyd goed dat ons die roeping het om ook die belangriks en magtiges van die wêreld met Christus te konfronteer? Om aan die owerhede die eise van God se wet voor te hou?

Sing: Psalm 47:4

Prof F Denkema (Potchefstroom)